

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAIN SA SUID AFRICA	DATUM		DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2017/01/16		2017/01/13		2016/01/09		2016/12/19		2016/01/18	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	56.88	1.82	3.3%	55.06	0.0%	56.88	2.3%	55.59	99.6%	28.50
US\$: ? ZAR	13.53	0.020	0.1%	13.51	-1.7%	13.76	-3.5%	14.02	-19.0%	16.70
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1,906.88	8	0.4%	R 1,898.74	* CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Dec +12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2,117.83	3	0.1%	R 2,114.70	* CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Dec +12:00 die vorige dag					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 5,180.22	42	0.8%	R 5,137.82	* CBOT Jan sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Jan +12:00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Spot	358.00	1.00	0.3%	357.00	1%	355.00	1%	356.00	-1%	363.25
Wheat Spot	426.00	0.00	0.0%	426.00	5%	407.00	4%	409.00	-10%	473.75
Soybean Spot	1042.00	7.00	0.7%	1035.00	1%	1028.00	1%	1036.00	19%	879.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM SPOT	3215	-92	-2.8%	3307	-2.6%	3300	-2.6%	3300	-12%	3665
WMAZ SPOT	3614	-46	-1.3%	3660	1.8%	3551	-12.7%	4142	-27.2%	4965
YMAZ SPOT	3260	-58	-1.7%	3318	-2.0%	3325	-2.2%	3332	-18.5%	4000
SOY 50 SPOT	6385	25	0.4%	6360	1.3%	6300	-2.7%	6565	-13.8%	7410
SUN SPOT	5500	-40	-0.7%	5540	0%	5480	-7%	5925	-26%	7460
WHEAT SPOT	3955	0	0.0%	3955	0%	3958	0%	3944	-20%	4921
OLIESADE	2017/01/06	Bron: Oilworld			2017/01/06	Feb 2016		Maart 2015		
Soya-oil, Arg.	831				3%	803	8%	769	23%	676
Soya-pell, Arg.	341				0%	342	1%	339	-7%	368
Soybean, Brazil	417				-1%	421	2%	411	2%	410
USA Runner 40/50	1650				3%	1600	3%	1600	27%	1300
Sun-oil, Arg.	750				0%	750	-1%	755	-6%	800
Sun-oil, Black Sea	765				0%	765	2%	750	2%	750
Sunseed, Black Sea	395				0%	395	-1%	400	-3%	409
Rapeseed, EU cif	445				1%	441	5%	425	12%	399
Palm oil Mal, EU	1765				7%	1650	20%	1470	70%	1037

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel relatief onveranderd vanoggend vanaf Vrydag middag toe dit teen R13.51/\$ verhandel het. Die rand verhandel vanoggend teen R13.53/\$. Die rand het ondersteuning gevind hoofsaaklik deur internasionale gebeure met die dollar wat stoom verloor het na die eerste perskonferensie deur die nuutverkose Amerikaanse president Donald Trump, wat nie duidelike aanduidings kon bied oor die planne vir die ekonomiese groei in die VSA nie. Die Suid Afrikaanse ekonomie is steeds onder druk en die kleinhandel verkope en verbruikersvertroue data wat vrygestel word later die week sal fyn dopgehou word. Dit sal ook dien as 'n goeie aanduiding van die moontlikheid op 'n ekonomiese groei vir die 4de kwartaal van 2017. Die swak verbruikersvertroue asook die strenger krediet maatreëls het die kleinhandel sektor se prestasies vertraag en dit word verwag om 'n stagnerende tendens te toon. Die mynbou sektor se uitsetdata word ook later die week deur Statistiek SA bekend gestel. In die politieke prentjie is daar onsekerhede met die nuwe leier wat vir die ANC gekies moet word om die huidige president Jacob Zuma op te volg. Daar is egter gemengde gevoelens oor wie die opvolger sal wees wat onenigheid in die party kan laat ontstaan.

Sojabone: Die VSA sojaboon produksie vooruitskatting vir die seisoen was laer aangepas vanaf die vorige produksieskatting van die USDA. Die VSA produksie word tans op 117.2 miljoen ton geskat vir die seisoen, 1.5 miljoen ton laer as in die Desember skatting. Die VSA eindvoorraad word op 9.5 miljoen ton geskat. Die Suid Amerikaanse sojaboon produksie begin nou al hoe meer in die kollig in beweging met baie fokus in die internasionale markte wat op die Suid Amerikaanse produksie kondisies val. Die Brasiliaanse sojaboon produksie vooruitsigte het verbeter en die produksie daar word op ongeveer 104 miljoen ton vir die seisoen geskat. Dit is 'n toename van tussen 8 en 9 miljoen ton vanaf die 2015/16 seisoen se produksies. Die uitvoere vanuit Brasilië word verwag om die jaar af te skop met rekord volumes van 1.5 – 2 miljoen ton en dit het alreeds begin druk plaas op die VSA uitvoere. Solank as die Brasiliaanse produksies gunstig lyk behoort die internasionale sojaboonpryse redelik vas te steek teen die huidige prysvlakke en word vreeslike versterkings deur die huidige vlakke nie alom verwag nie. Ander faktore wat wel 'n kritieke rol kan speel in moontlike prysversterkings is die aankope deur China, beperkte produsente verkope in Brasilië asook die Argentynse produksie vooruitsigte wat onder druk is hoofsaaklik as gevolg van ongunstige weeromstandighede wat strek van te nat toestande in sekere areas tot en met te droë toestande elders. Internasionaal behoort die produksie van sojabone die verbruik daarvan te oorskry wat in verhoogde eindvoorraad ontaard en dus word daar nie internasionaal enige tekorte verwag nie. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel met die spotprys wat die week hoër afgesluit het met die Maart 2017 wat ook die week hoofsaaklik sterker verhandel het en Vrydag hoër gesluit het as waarteen dit Maandag die week geopen het. Die algemene sojaboon produksie kondisies in Suid Afrika tot dusver vir die seisoen lyk goed. Goeie reën oor groot gedeeltes van die somer saaigebiede was gunstig vir die produksie van sojabone.

Sonneblom saad: Die wêreld sonneblomsaad produksie vooruitsigte vir die 2016/17 seisoen is hoër aangepas deur die USDA in die nuutste WASDE verslag. Die geskatte produksie vir die seisoen staan op 47.5 miljoen ton wat 'n alle tye hoogtepunt is. Dit is ook omtrent 12% meer as die 2015/16 seisoen se produksie. Die rekord globale produksie van sonneblom saad laat groot voorraad vlakke en die pryse van sonneblom saad en produkte (olie en meel) word verwag om teen diskonto vlakke teenoor dié van raapsaad aangebied te word tot en met ten minste Mei/Junie 2017. Daar is egter ander faktore soos die aankoop beleide van groot groente olie verbruikers en veral met diskonto pryse kan hulle bereidwillig wees om voorraadvlakke op te bou wat weer ondersteuning aan die pryse kan bied. Die gunstige pryse van sonneblom saad en die gunstige persmarges internasionaal wat globaal ondersteun en die persings het met 1.1 miljoen ton toegeneem tot en met 12.2 miljoen ton in Oktober tot Desember 2016. Dit is omtrent 10% hoër as dieselfde tydperk van 2015. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblom saad pryse het ook gemeng verhandel verlede week. Die spot pryse het aanvanklik sterker verhandel, maar het weer stoom verloor na die einde van die week toe en het teen dieselfde vlakke gesluit as waarteen dit Maandag ooggemaak het. Die pryse vir lewering in Maart 2017 was hoofsaaklik onder druk verlede week en het die week laer afgesluit. Die plaaslike SAFEX pryse en die afgeleide sonneblom pryse verhandel teen min of meer dieselfde vlakke.

Canola: Die Australiese canola produksie word 1.6 miljoen ton hoër geskat as die vorige skatting en die totale produksie word op 4.1 miljoen ton geskat vir die seisoen. Dit is hoofsaaklik as gevolg van beter opbrengste in Australië en die verhoogde produksie behoort die druk op die Europese raapsaadmark te verlig. Die Australiese uitvoere word verwag om 'n 4 jaar hoogtepunt te bereik en die uitvoere het alreeds vanaf November 2016 begin toeneem. Die groot Australiese graanproduksies kompeteer vir uitvoerskakels in die hawens en plaas dus druk op die uitvoer infrastruktuur en die canola uitvoere kan moontlik nog onder druk wees tot en met einde Februarie. Die Kanadese canola uitvoere het ook 'n rekord van 8.2 miljoen ton bereik in Augustus tot Desember 2016 teenoor die 7.3 miljoen ton in dieselfde periode van 2015. Die Kanadese uitvoere na die EU tot dusver is laer as wat die verwagtinge was, maar hoër uitvoere is gerapporteer na Pakistan, die VAE, Meksiko en ander bestemmings. **Plaaslik:** In die nuutste Oesskatting wat Desember 2016 bekend gemaak was is die verwagte canola produksie vir die seisoen effens laer aangepas vanaf die November skatting tot en met 108 860 ton vir die seisoen. Die November skatting was 112 260 ton gewees.

Grondbone: Die wêreld grondboon produksie word geskat om 29.8 miljoen ton te wees vir die 2016/17 seisoen. Dit is 7.2% meer as die produksie van die 2015/16 seisoen. Die hoër wêreld produksie skatting kom tensynte van die afwaartse aanpassing in die Amerikaanse produksie tot en met 1.93 miljoen ton vanaf die 2.12 miljoen ton in die vorige skatting. Die VSA grondboon verwerkings en uitvoere het gesamentlik met 19% toegeneem in Augustus tot November 2016 hoofsaaklik as gevolg van die verhoogde begin voorrade waarmee die seisoen begin het. Die uitvoer vraag na VSA grondbone word steeds verwag om hoog te wees vir die res van die seisoen met die tekorte aan die Argentynse uitvoer voorrade. **Plaaslik:** Die plaaslike grondbone wat aangeplant is lyk tans gunstig en goeie reën wat oor groot gedeeltes van die grondboon verbouings areas voorgekom het was gunstig vir die produksie toestande daarvan.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za